# Afronding van ou koeie op mielieresteweiding

*Deur Carina le Roux, veekundige, Feedtek*

Koeie wat hul reproduktiewe leeftyd oorskry het word dikwels op die plaas afgerond, afhangend van heersende vleis- en graanpryse. Die mark vir maer ou koeie is meestal ongunstig en die pryse laag. Dit maak waardetoevoeging 'n aantreklike opsie, sou koste-doeltreffende voerbronne (ruvoer en/of graan) op die plaas beskikbaar wees en die prysmarge in daardie stadium positief wees.

Koeie kan tydens laktasie soveel as 15 tot 20% lewende massa verloor. Dit hou goeie potensiaal in vir gewigstoename nadat kalwers gespeen is, terwyl tipies beter pryse betaal word vir vetter as maer karkasse.

Mielieresteweiding kan 'n waardevolle en ekonomiese bron van voer wees om ou koeie relatief vinnig en goedkoop af te rond, afhangend van die tydsberekening van kalfseisoene en dus wanneer kalwers gespeen word. Onder die meeste omstandighede is dit die ideaal om uitskotkoeie binne die kortste moontlike tyd in 'n bemarkbare kondisie te kry, want tyd is geld.

Ou koeie se liggaamskondisie kan uitermatig wissel, veral dié van ou koeie wat gedurende die winter op mieliereste afgerond gaan word. Hierdie koeie het dikwels nog hul laaste kalwers gedurende laatherfs en vroegwinter gespeen, en hul kondisie kan uiteraard aansienlik swakker wees as vergelykende koeie in ander seisoene. Dus hang die winsgewendheid, asook sukses van die operasie, grootliks af van die kondisie waarop die ou koei begin.

## Inkorporeer korrekte aanvullings

Mielieresteweiding is tipies hoog in vesel en aan die begin relatief hoog in energie, afhangend van die hoeveelheid koppe wat op die land oorgebly het. Dus moet die nodige voedingstowwe deur 'n gebalanseerde energieproteïenaanvulling aan haar voorsien word sodat die beskikbare reste tot die beste van haar vermoë benut word. So 'n aanvulling kan in die vorm van 'n energie-proteïenlek wees, of 'n kragvoer wat uiteraard sal verskil wat samestelling en aanbevole innames per dier per dag betref.

Die tipe aanvulling hang af van die tempo waarteen die dier afgerond moet word gegewe beskikbare tyd, die hoeveelheid en gehalte van beskikbare weiding, die heersende vleisprys en natuurlik die graanprys.

Volwasse koeie se spierweefsel is reeds ten volle ontwikkel; dus is die doel van afronding hoofsaaklik om die koeie in 'n bemarkbare kondisie te kry deur vet op die karkas te deponeer. Ou koeie wat vir die doel van afronding gevoer word, se aanvulling moet dus hoër energievlakke in verhouding tot natuurlike proteïen bevat vir maksimum energievoorsiening in teenstelling met dié van speenkalwers. Dit maak die aanvulling wat aan hierdie koeie voorsien word aansienlik goedkoper as dié van jonger, groeiende of produserende diere, omrede geen hoë-gehalte natuurlike proteïene (normaalweg in die vorm van oliekoekmeel om verbyvloei-proteïen aan te vul) ingesluit word nie.

Hierdie ou koeie het geen behoefte aan energie om byvoorbeeld dragtigheid te ondersteun of melk te produseer nie. Al hierdie energie kan in vet omgeskakel word. Die doeltreffendheid hiervan is grootliks afhanklik van die samestelling van haar aanvulling en dié van beskikbare weiding.

## Hou die rumen in stand

Die natuurlike proteïene wat deur graan voorsien word, tesame met nieproteïenstikstof (NPN) wat gewoonlik hoofsaaklik deur ureum voorsien word, is voldoende vir haar proteïenbehoeftes. In breë terme moet sy genoeg NPN inneem om haar rumenmikrobes in staat te stel om hul werk te doen (ruvesel te verteer), terwyl sy genoeg energie inneem om hierdie mikrobes in staat te stel om dieselfde NPN in 'n bruikbare vorm om te skakel. Genoeg stysel moet in die laer spysverteringskanaal beskikbaar wees vir opname om as energie te dien vir vetdeponering.

'n Tipiese aanvulling vir hierdie doel moet 'n graankomponent in gemaalde vorm bevat. Grootvee benut gemaalde grane aansienlik beter, aangesien hulle minder effektief herkou as kleinvee. Daarmee saam sal dit tipies 'n NPN-bron bevat, normaalweg in die vorm van ureum, asook 'n buffer om rumen-pH te stabiliseer en die risiko van suurpens te beperk, sowel as die nodige minerale en vitamiene. Die aanvulling kan ook sout en 'n melassekomponent bevat.

Die insluiting van antibiotiese groeibevorderaars en ionofore lewer 'n belangrike bydrae tot beter voeromsetdoeltreffendheid en die voorkoming van graanopblaas. Dit is verder belangrik om die toestand van ou koeie se tande in gedagte te hou wanneer die fisiese vorm van aanvullings oorweeg word.

## Voorkoming van suurpens

Die koeie moet goed aangepas wees op die aanvulling en mieliereste voordat hulle die mieliereste permanent bewei, ten einde verteringsteurnisse te voorkom. Aanpassing moet stelselmatig geskied om te verseker dat die styselverterende rumenmikrobes goed gevestig word voordat mieliereste permanent bewei word,



*Mielieresteweiding is tipies hoog in vesel en aan die begin relatief hoog in energie, afhangend van die hoeveelheid koppe wat op die land oorgebly het.*

om gevolglik graan goed te benut en die voorkoms van suurpens te beperk.

Gedurende die laatherfs en vroegwinter ontvang ou koeie tipies 'n onderhoudslek met NPN en min stysel (graan), met die gevolg dat die mikrobiese populasie verantwoordelik vir styselvertering nie goed gevestig is nie. Dus, indien aanpassing nie geleidelik geskied nie, verhoog die risiko vir suurpens aansienlik.

Dit is ook belangrik dat voldoende ruvesel (mielieblare en stoppels) altyd beskikbaar is om die rumen in stand te hou deur effektiewe vesel te voorsien. Dit sal doeltreffende rumenwerking verseker en sodoende kan die koei die aanvulling optimaal benut. Soos mieliereste (veral die koppe) uitgevreet raak, verhoog vrywillige inname van die aanvulling wat aan die koeie voorsien word en dit is tipies wanneer verteringsteurnisse na vore kan kom.

Alhoewel grootvee groter volumes mieliereste kan benut, omdat hulle minder selektief vreet as kleinvee en die risiko van verteringsteurnisse dus vergelykend kleiner is, moet steeds gelet word op tekens daarvan.

Ander maniere om die risiko van verteringsteurnisse te beperk, is om te verseker dat daar genoeg voer- of lekbakspasie beskikbaar is, sodat al die koeie gelyktydig hul daaglikse porsie kan inneem – dit sal help om oorinname te voorkom. Vir aanvullings met hoë innames word meer vreetspasie per grootvee-eenheid (GVE) benodig. Minstens 20cm/GVE word aanbeveel vir aanvullings met 'n daaglikse inname van meer as 1kg/GVE/dag.

### Gebalanseerde formulering

Dit is belangrik om te onthou dat 'n aanvulling vir gebruik op mieliereste (of enige aanvulling) normaalweg doelgerig geformuleer word om, indien dit reg aangewend word, verteringsteurnisse te beperk en optimale resultate te lewer. Diere moet dus voldoende hoeveelhede volgens aanbevole innames, soos deur 'n voedingkundige aanbeveel, inneem.

Ou koeie wat 'n gebalanseerde aanvulling wat in al haar behoeftes voldoen ontvang, het die potensiaal om vinnig in 'n bemarkbare kondisie te kom. Weens die groot hoeveelheid faktore wat haar prestasie kan beïnvloed, is dit egter moeilik om akkurate waardes daaraan te koppel. Soos genoem sal haar aanvanklike kondisie 'n groot invloed hê op hoe vinnig sy vet deponeer in kombinasie met die gehalte/samestelling van die mieliereste en aanvulling, terwyl weerstoestande 'n verdere invloed op sukses sal hê.

Die aanwending van mielieresteweiding vir die afrond van ou koeie is 'n werkbare opsie wat goeie resultate kan lewer met die korrekte aanvullende voedingsprogram. Gesels met jou voedingkundige oor 'n gebalanseerde opsie om gewenste resultate te bereik. VP

Vir meer inligting,
kontak Carina le Roux
by carina@feedtek.co.za